Hurter Spies Ing.

prokureurs • attorneys

Grondwetlike ruimtes tot ons beskikking

Willie Spies

Direkteur: Hurter Spies Prokureurs

Pretoria, 12 Augustus 2014

1. Wat die grondwet nie is nie -

- Beste in die wêreld – Ethiopië, Serwië, Duitsland, Kanada
- Antwoord op al SA se probleme
- Federaal
- Unitêr
- Mees liberale grondwet

Liberaal?

"Willing to respect or accept behaviour or opinions different from one's own"

"Western countries pride themselves on their supposedly liberal acceptance of different cultures"

"Favourable to or respectful of individual rights and freedoms"

"(In a political context) favouring individual liberty, free trade, and moderate political and social reform: a liberal democratic state"

-Oxford-online

Grondwet dus nie liberaal tov-

- **Rasse-ongelykheid**
- **Vryheid van assosiasie**
- **Vryheid van spraak**
- **Eiendomsbesit**

2. Grondwetlike bedeling sou beter wees met -

- Federale stelsel;
- Uitdruklike beskerming van minderhede;
- Staatsondersteunde eie instellings;
- Absolute gelykheid voor die reg;
- Ongekwalifiseerde ruimte vir vrye assosiasie;
- Absolute beskerming van eiendomsreg.

3. Grondwetlike bedeling is beter as -

- Eenparty-stelsel;
- Diktatorskap;
- Onbeperkte termyne vir president;
- Absolute meerderheidsregering – geen proporsionaliteit;
- Parlementêre soewereiniteit;
- Onderhorige howe;
- *Rule-of-man*;
- Unitêre stelsel – geen diversiteit erken nie.

4. Ruimtes vir gemeenskappe

4.1 Wat sê die Grondwet?

- Sterk klem op individuele regte
- Meer as 30 verwysings na gemeenskappe in Grondwet
- Alhoewel beperk – ook regte vir gemeenskappe

4.2 Soorte gemeenskappe erken in Grondwet

- Ontneemde gemeenskappe (artikel 25(6) en (7))
- Tradisionele gemeenskappe (artikels 211 en 212)
- Taalgemeenskappe (artikel 6 en 30)
- Kultuur- en godsdiensgemeenskappe (artikel 9, 16, 31, 185, 235)
- Munisipale gemeenskappe (artikels 152 en 153)

5. Gemeenskapsregte in die grondwet

5.1 Kulturele Regte

- Elkeen het die reg om die kultuur van sy keuse te beoefen - Artikel 30
- Kultuurorganisasies en burgerlike instellings - Artikel 31
- Kommissie moet regte van kultuurgemeenskappe bevorder – Artikel 185
- Die reg om vir jou vir selfbeskikking van kultuurgemeenskap te beywer – Artikel 235

5.2 Taalregte

- Amptelike tale `gelykheid van aansien` en `billikheid` - Artikel 6(1), 6(4)
- Pansat moet taalregte van alle gemeenskappe bevorder - Artikel 6(5)
- Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik - Artikel 30

6. Munisipale gemeenskapsregte

Voortvloeiend uit doelwitte van munisipale regering

- Artikel 152(1)(a) – demokratiese en verantwoordbare munisipale bestuur
- Artikel 152(1)(b) – dienslewering op volhoubare basis
- Artikel 152(1)(e) – deelname deur gemeenskappe en gemeenskapsorganisies
- Artikel 152(2) – onderhewig aan administratiewe en finansiële vermoë

7. Individuele regte met `n gemeenskapswerking

- Artikel 9 verbied diskriminasie o.g.v. afkoms, taal, kultuur, godsdiens
- Artikel 16 waarborg vryheid van spraak maar beskerm nie -
  - propaganda vir oorlog
  - die aanstigting van dreigende geweld
  - die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit of godsdiens gebaseer is nie
- Artikel 24 elkeen het die reg tot `n omgewing wat –
  - Nie skadelik vir gesondheid nie
  - Bewaar word vir toekomstige geslagte
- Artikel 33 elkeen het die reg op billike administratiewe aksie
  - Wettig
  - Redelik
  - Prosedureel billik

7. Onderwysregte-Artikel 29

(2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van–

(a) billikheid;

(b) doenlikheid; en

(c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

7. Onderwysregte-Artikel 29 (vervolg)

(3) Elkeen het die reg om op eie koste onafhanklike onderwysinstellings tot stand te bring en in stand te hou wat–

(a) nie op grond van ras diskrimineer nie;
(b) by die staat geregistreer is; en
(c) standaarde handhaaf wat nie minderwaardig is vergeleke met standaarde by vergelykbare openbare onderwysinstellings nie.

(4) Subartikel (3) sluit nie staatsubsidies aan onafhanklike onderwysinstellings uit nie.

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Twaalf dinge wat ons mag (moet) doen – en in die howe kan afdwing

1. Elkeen het die reg om die kultuur van sy keuse te beoefen - Artikel 30
2. Ons kan kultuurorganisasies en burgerlike instellings stig - Artikel 31
3. Aandring dat kommissie regte van kultuurgemeenskappe bevorder – Artikel 185
4. Vir selfbeskikking van ons kultuurgemeenskap beywer – Artikel 235
5. Afrikaans as amptelike taal se `gelykheid van aansien` eis - Artikel 6(1), 6(4)
6. Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik - Artikel 30
7. Beskerming teen diskriminasie eis - Artikel 9
8. Beskerming teen haatspraak eis - Artikel 16
9. Billike administratiewe aksie eis – Artikel 33
10. Gesonde munisipale regering eis – Artikel 152
11. Druk toepas vir enkelmedium staatsonderwys – Art 29
12. Eie onderwysinstellings skep en uitbou – Art 29

Doen dit self!